(b) vaartuie wat slegs binne haweperke gebruik word.

**DEEL 2 PLIG OM DOKUMENTASIE TE HOU EN AAN BOORD TE HÊ****Plig om sertifikate te hou**

4. (1) Niemand mag 'n skip bedryf nie tensy—

(a) 'n geldige Maritieme Arbeidsertifikaat deur die Owerheid aan die skip uitgereik is; en

(b) 'n geldige Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening deur die Owerheid aan die skip uitgereik is.

(2) Vir die doel van hierdie regulasie is 'n Maritieme Arbeidsertifikaat nie geldig nie as dit nie tussen die tweede en derde jaardag van die uitreiking van die sertifikaat geëndosseer is nie.

**Plig om dokumentasie te dra**

5. Elke skeepseienaar moet verseker dat—

(a) die oorspronklike Maritieme Arbeidsertifikaat aan boord is;

- (b) die oorspronklike Verklaring van Arbeidsvoldoening aan boord is en by die Maritieme Arbeidsertifikaat aangeheg is;
- (c) die Maritieme Arbeidskonvensie aan boord is; en
- (d) 'n prosedure vir die gesagvoerders om klagtes aan boord te hanteer rakende aangeleenthede wat deur die Konvensie gedek word, aan boord is.

### **DEEL 3 UITREIKING VAN DOKUMENTASIE**

#### **Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening en Uitreiking van Maritieme Arbeidsertifikaat**

6. (1) Die skeepseienaar moet by die Owerheid aansoek doen om die uitreiking van 'n Maritieme Arbeidsertifikaat deur Deel II van die Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening in te vul.

(2) By ontvangs van die ingevulde Deel II moet die Owerheid 'n ondersoek van die skip en 'n oudit van die skeepseienaar doen.

(3) Indien die Owerheid tevrede is met die ondersoek van die skip en die oudit van die skeepseienaar soos in subregulasie (2) bedoel, moet hy Deel I van die Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening invul en 'n Maritieme Arbeidsertifikaat, geldig vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, aan die skip uitreik.

(4) Die Owerheid moet Dele I en II van die Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening by die uitgereikte Maritieme Arbeidsertifikaat aanheg.

#### **Tussentydse Maritieme Arbeidsertifikaat**

7. (1) Die Owerheid kan, op versoek en behoudens subregulasie (3), 'n Tussentydse Maritieme Arbeidsertifikaat uitreik wanneer—

- (a) 'n skip op 'n afleweringreis is;
- (b) 'n skip na die Suid-Afrikaanse register oorgedra word; of
- (c) 'n skeepseienaar verantwoordelikheid vir die bedryf van 'n skip van 'n ander skeepseienaar aanvaar.

(2) 'n Sertifikaat wat ingevolge hierdie regulasie uitgereik is, is geldig vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

(3) 'n Tussentydse Maritieme Arbeidsertifikaat mag slegs uitgereik word na verifiëring dat—

- (a) die skip ondersoek is, sover redelik en doenlik, vir die aangeleentheid gelys in Byvoegsel A5-I van die Konvensie, met inagneming van verifiëring van items onder subparagrafe (b), (c) en (d);
- (b) die skeepseienaar aan die Owerheid bewys gelewer het dat die skip toereikende prosedures het om aan die Konvensie te voldoen;
- (c) die gesagvoerder vertrou is met die vereistes van die Konvensie en die verantwoordelikhede vir die implementering daarvan; en
- (d) tersaaklike inligting aan die Owerheid voorgelê is om 'n Tussentydse Maritieme Arbeidsertifikaat uit te reik.

(4) 'n Volledige ondersoek ooreenkomstig regulasie 6 moet gedoen word voordat die Tussentydse Maritieme Arbeidsertifikaat verval, ten einde die uitreiking van die Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening moontlik te maak.

(5) Die Maritieme Arbeidsertifikaat, die Tussentydse Maritieme Arbeidsertifikaat en die Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening Deel I of II moet opgestel word in 'n vorm wat met die modelle in Byvoegsel A5-II van die Konvensie ooreenstem.

### **Tussentydse oudit**

8. (1) Die Owerheid moet 'n tussentydse oudit van elke skip doen om voldoening aan die voorwaardes te verseker vir die voortgesette geldigheid van die Maritieme Arbeidsertifikaat.

(2) Die oudit moet tussen die tweede en derde jaardag van die datum van uitreiking van die sertifikaat gedoen word.

(3) Die Owerheid kan ondersoeke doen op enige tyd wat hy goedvind.

### **Hernuwing van sertifikaat**

9. (1) Die owerheid moet, voor die hernuwing van die Maritieme Arbeidsertifikaat, 'n hernuwingsoudit van die skeepseienaar en ondersoek van die skip doen tydens die sesmaandetydperk na die vervaldatum van die sertifikaat.

(2) Wanneer die hernuwingsondersoek van die skip afgehandel is binne drie maande voordat die bestaande Maritieme Arbeidsertifikaat verval, is die nuwe Maritieme Arbeidsertifikaat geldig vanaf die datum van voltooiing van die hernuwingsondersoek van die skip vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar vanaf die vervaldatum van die bestaande sertifikaat.

(3) Wanneer die hernuwingsondersoek van die skip afgehandel is meer as drie maande voor die vervaldatum van die bestaande Maritieme Arbeidsertifikaat, is die nuwe Maritieme Arbeidsertifikaat geldig vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar vanaf die datum van voltooiing van die hernuwingsondersoek van die skip.

### **Bevoegdhede van oudit, ondersoek, opskorting van diens en aanhouding**

10. (1) Met die doel om voldoening aan hierdie Regulasies te verseker—

- (a) kan die Owerheid 'n gemagtigde persoon gelas om 'n oudit van 'n skeepseienaar of ondersoek van 'n skip te doen betreffende voldoening aan die Regulasies; en
- (b) kan die Owerheid, na oorweging van die verslag van 'n gemagtigde persoon en indien hy oortuig is dat 'n skeepseienaar of skip, ondanks die feit dat 'n Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening of 'n Maritieme Arbeidsertifikaat gehou word, 'n vaartuig strydig met die Regulasies bedryf, sowel die sertifikaat as die verklaring opskort tot tyd en wyl daar aan die Konvensie voldoen word.

(2) Waar 'n diens ingevolge subregulasie (1)(b) opgeskort moet word, moet die Owerheid 'n kennisgewing aan die skeepseienaar of skip beteken waarin verklaar word dat die bedryf van die diens wat in die kennisgewing vermeld word, opgeskort moet word en redes vir die opskorting verstrek.

(3) Met die doel om voldoening aan hierdie Regulasies te verseker—

- (a) kan die Owerheid 'n gemagtigde persoon gelas om 'n oudit van 'n skeepseienaar of ondersoek van 'n skip betreffende voldoening aan die Regulasies te doen; en
- (b) kan die Owerheid, na oorweging van die verslag van 'n gemagtigde persoon en indien hy oortuig is dat daar 'n versuim is om aan die Regulasies te voldoen, die skip laat aanhou.

(4) 'n Gemagtigde persoon wat werksaamhede ingevolge hierdie regulasie verrig, wat nie 'n opnemer is nie, het al die bevoegdhede wat by artikel 9 van die Wet aan 'n opnemer verleen word.



## **Opskorting of kansellering van Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening en Maritieme Arbeidsertifikaat**

11. (1)(a) Die Owerheid kan, by skriftelike kennisgewing, enige Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening en Maritieme Arbeidsertifikaat wat ingevolge hierdie Regulasies deur hom of op sy versoek uitgereik is, opskort of kanselleer waar 'n oudit van 'n skeepseienaar of ondersoek van 'n skip aan die lig gebring het, of waar hy op redelike gronde vermoed, dat—

- (i) die Maritieme Arbeidsertifikaat of Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening op valse of foutiewe inligting uitgereik is; of
  - (ii) sedert 'n oudit of ondersoek wat ingevolge hierdie Regulasies vereis is, die eienaarskap van die skip verander het sonder kennisgewing aan die Owerheid.
- (b) 'n Kennisgewing moet die gronde vir die opskorting of kansellering van die Maritieme Arbeidsertifikaat of die Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening uiteensit.
- (c) Kennis mag nie gegee word nie tensy die houer van die Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening en Maritieme Arbeidsertifikaat 'n geleentheid gegee is om verhoë te rig.

(2) Die Owerheid kan vereis dat enige Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening en Maritieme Arbeidsertifikaat wat kragtens hierdie Regulasies deur hom of op sy versoek uitgereik is wat verval het of opgeskort of gekanselleer is, teruggegee word soos aangedui.

- (3) Niemand mag—
- (a) 'n Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening of 'n Maritieme Arbeidsertifikaat verander nie;

- (b) in verband met enige oudit of ondersoek wat ooreenkomstig hierdie Regulasies gedoen word, bewustelik of roekeloos vals inligting verstrek nie;
- (c) met die oogmerk om te bedrieg, die Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening en Maritieme Arbeidsertifikaat gebruik of uitleen of toelaat dat dit deur iemand anders gebruik word nie;
- (d) versuim om 'n Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening en Maritieme Arbeidsertifikaat wat ingevolge subregulasie (2) teruggegee moet word, terug te gee nie; of
- (e) 'n Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening of 'n Maritieme Arbeidsertifikaat vervals nie.

#### **Uitreiking van sertifikate namens ander regerings**

**12.** (1) Die Owerheid kan, op versoek van die Regering van 'n ander Staat op wie die Konvensie van toepassing is—

- (a) die stelsels van skeepseienaars en skepe wat in daardie Staat geregistreer is, oudit en ondersoek; en
- (b) indien hy oortuig is dat daar aan die vereistes van die Konvensie voldoen word, en dat die oudit en ondersoek bevredigend afgehandel is ooreenkomstig hierdie Regulasies, 'n Maritieme Arbeidsertifikaat aan die skip uitreik of sulke sertifikate endosseer na 'n tussentydse oudit.

(2) 'n Maritieme Arbeidsertifikaat wat ingevolge subregulasie (1) uitgereik is, moet—

- (a) 'n verklaring bevat dat dit aldus uitgereik is; en
- (b) ooreenstem met die gepaste vorm van die sertifikaat uiteengesit in Byvoegsel A5-II van die Konvensie.

(3) 'n Maritieme Arbeidsertifikaat wat ingevolge hierdie Regulasie uitgereik is, het dieselfde effek asof dit deur die betrokke Regering uitgereik is en nie deur die Owerheid nie.

#### **DEEL 4 MISDRYWE**

##### **Misdrywe en Strawwe**

**13.** (1) 'n Skeepseienaar wat regulasies 4 en 5 oortree, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande.

(2) 'n Gesagvoerder wat regulasies 4 en 5 oortree, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande.

(3) 'n Persoon wat regulasie 11(3)(a), (b), (c), (d) of (e) oortree, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande.

#### **DEEL 5 TITEL EN INWERKINGTREDING**

##### **Titel en inwerkingtreding**

**14.** Hierdie Regulasies heet die Regulasies op die Maritieme Arbeidsertifikaat en Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening, 2017, en tree in werking op die datum van publikasie in die *Staatskoerant*.

**AANHANGSEL I****BYVOEGSEL A5-I**

Die werk- en lewenstoestande van seevaarders wat deur die Vlagstaat geïnspekteer en goedgekeur moet word voor sertifisering van 'n skip ooreenkomstig die volgende items in Standaard A5.1.3, paragraaf 1 van die Konvensie:

Minimum ouderdom

Mediese sertifisering

Kwalifikasies van seevaarders

**BYVOEGSEL A5-II****Maritieme Arbeidsertifikaat**

(Opmerking: 'n Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening moet by hierdie Sertifikaat aangeheg word.)

Uitgereik kragtens die bepalings van Artikel V en Titel 5 van die Maritieme Arbeidskonvensie, 2006 (hieronder "die Konvensie" genoem) op gesag van die Regering van:

.....

(volledige benaming van die Staat wie se vlag die skip geregtig is om te hys)

deur .....

(volledige benaming en adres van die bevoegde owerheid of erkende organisasie wat behoorlik gemagtig is kragtens die bepalings van die Konvensie)

**Besonderhede van die skip**

Naam van skip .....

Onderskeidende nommer of letters .....

Registrasiehawe .....

Datum van registrasie .....

Bruto tonnemaat<sup>1</sup> .....

IMO-nommer .....

Tipe skip .....

Naam en adres van die skeepseienaar<sup>2</sup> (soos omskryf in Artikel II, paragraaf 1(j), van die Konvensie)

.....

.....

.....

Hierby word gesertifiseer:

1. dat hierdie skip geïnspekteer is en geverifieer is dat dit voldoen aan die vereistes van die

<sup>1</sup> Vir skepe gedek deur die tussentydse skema oor tonnemaat aangeneem deur die Internasionale Maritieme Organisasie, is die bruto tonnemaat dit wat ingesluit is in die "REMARKS"-kolom van die Internasionale Tonnemaatsertifikaat (1969).

<sup>2</sup> Skeepseienaar beteken die eienaar van 'n skip of 'n ander organisasie of persoon, soos die bestuurder, agent of blote skeepsverhuurder, wat verantwoordelikheid by die eienaar van die skip vir die bedryf van die skip oorgeneem het en wat, by die aanvaarding van die verantwoordelikheid, ingestem het om die pligte en verantwoordelikhede wat ooreenkomstig hierdie Konvensie aan skeepseienaars opgelê word, oor te neem, ongeag of enige ander organisasie of persone sekere pligte en verantwoordelikhede namens die skeepseienaar vervul. Sien Artikel II(1)(j) van die Konvensie.

Konvensie en die bepalings van die aangehegte Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening.

2. dat die seevaarders se werk- en lewenstoestande in Byvoegsel A5-I van die Konvensie vermeld, bevind is in ooreenstemming te wees met bogenoemde land se nasionale vereistes wat die Konvensie implementeer. Hierdie nasionale vereistes word opgesom in die Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening, Deel I.

Hierdie Sertifikaat is geldig tot ..... behoudens inspeksies ooreenkomstig Standaard A5.1.3 en A5.1.4 van die Konvensie.

Hierdie Sertifikaat is geldig slegs wanneer die Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening wat op ..... te ..... uitgereik is, aangeheg is.

Datum van voltooiing van die inspeksie waarop hierdie Sertifikaat gebaseer is, was.....

Uitgereik te ..... op .....

Handtekening van die behoorlik gemagtigde beampte wat die Sertifikaat uitreik  
(Seël of stempel van uitreikende owerheid, soos gepas)

*Endossemente vir verpligte tussentydse inspeksie en, indien vereis, enige bykomende inspeksie*

Hierby word gesertifiseer dat die skip ooreenkomstig Standaard A5.1.3 en A5.1.4 van die Konvensie geïnspekteer is en dat die seevaarders se werk- en lewenstoestande in Byvoegsel A5-I van die Konvensie vermeld, bevind is in ooreenstemming te wees met bogenoemde land se nasionale vereistes wat die Konvensie implementeer.

*Tussentydse inspeksie:*  
(moet tussen die tweede en derde jaardae ingevul word)

Geteken .....  
(Handtekening van gemagtigde beampte)

Plek .....

Datum .....  
(Seël of stempel van die owerheid, soos gepas)

*Bykomende endossemente (indien vereis)*

Hierby word gesertifiseer dat die skip aan 'n bykomende inspeksie onderwerp is met die doel om te verifieer dat die skip steeds voldoen aan die nasionale vereistes wat die Konvensie implementeer, soos vereis by Standaard A3.1, paragraaf 3, van die Konvensie (herregistrasie of wesenlike verandering van akkommodasie) of om ander redes.

*Bykomende inspeksie:*  
(indien vereis)

Geteken .....  
(Handtekening van gemagtigde beampte)  
Plek .....  
Datum .....  
(Seël of stempel van die owerheid, soos gepas)

*Bykomende inspeksie:*  
(indien vereis)

Geteken .....  
(Handtekening van gemagtigde beampte)  
Plek .....  
Datum .....  
(Seël of stempel van die owerheid, soos gepas)

*Bykomende inspeksie:*  
(indien vereis)

Geteken .....  
(Handtekening van gemagtigde beampte)  
Plek .....  
Datum .....  
(Seël of stempel van die owerheid, soos gepas)

## AANHANGSEL II

### MARITIEME ARBEIDSKONVENSIE, 2006

#### Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening – Deel I

*(Opmerking: Hierdie Verklaring moet by die skip se Maritieme Arbeidsertifikaat aangeheg word.)*

Uitgereik op gesag van: ..... *(Voeg in die naam van die bevoegde owerheid soos omskryf in Artikel II, paragraaf 1(a), van die Konvensie.)*

Met betrekking tot die bepalings van die Maritieme Arbeidskonvensie, 2006, word die skip met die volgende verwysings:

Naam van skip	IMO-nommer	Bruto tonnemaat

in stand gehou in ooreenstemming met Standaard A5.1.3 van die Konvensie. Die ondergetekende verklaar, namens bogenoemde bevoegde owerheid, dat:

1. die bepalings van die Maritieme Arbeidskonvensie volledig beliggaam is in die nasionale vereistes hieronder bedoel;
2. hierdie nasionale vereistes vervat is in die nasionale bepalings hieronder bedoel; verduidelikings rakende die inhoud van daardie bepalings word verskaf waar nodig;
3. die besonderhede van enige wesenlik gelykstaande bepaling ingevolge Artikel VI, paragrawe 3 en 4, verskaf word <onder die ooreenstemmende nasionale vereiste hieronder gelys> <in die afdeling wat hieronder vir hierdie doel verskaf word> (Skrap die stelling wat nie toepaslik is nie.); en
4. enige spesifieke vereistes vir die tipe skip ingevolge nasionale wetgewing ook onder die betrokke vereistes vermeld word.

- (a) Minimum ouderdom (Regulasie 1.1)
- (b) Mediese sertifisering (Regulasie 1.2)
- (c) Kwalifikasies van seevaarders (Regulasie 1.3)
- (d) Seevaarders se diensooreenkomste (Regulasie 2.1)
- (e) Gebruik van enige gelisensieerde of gesertifiseerde of gereguleerde privaat werwings- en plasingsdiens (Regulasie 1.4)
- (f) Ure van werk of rus (Regulasie 2.3)
- (g) Bemanningsvlakke vir die skip (Regulasie 2.7)
- (h) Akkommodasie (Regulasie 3.1)
- (i) Ontspanningsgeriewe aan boord (Regulasie 3.1)
- (j) Voedsel en spyseniering (Regulasie 3.2)
- (k) Gesondheid en veiligheid en ongelukvoorkoming (Regulasie 4.3)



- (l) Mediese sorg aan boord (Regulasie 4.1)
- (m) Klagteprosedures aan boord (Regulasie 5.1.5)
- (n) Betaling van lone (Regulasie 2.2)

Naam: .....

Titel: .....

Handtekening: .....

Plek: .....

Datum: .....

#### Wesenlik gelykstaande bepalings

*(Opmerking: Skrap die stelling wat nie toepaslik is nie.)*

Kennis word geneem van die volgende weselik gelykstaande bepalings, soos bepaal kragtens Artikel VI, paragrawe 3 en 4, van die Konvensie, uitgesonderd waar hierbo vermeld (indien toepaslik, voeg beskrywing in):

.....  
.....

Geen weselik gelykstaande bepaling is toegestaan nie.

Naam: .....

Titel: .....

Handtekening: .....

Plek: .....

Datum: .....

## Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening – Deel II

### *Maatreëls aangeneem om deurlopende voldoening tussen inspeksies te verseker*

Die volgende maatreëls is deur die skeepseienaar, wat genoem word in die Maritieme Arbeidsertifikaat waarby hierdie Verklaring aangeheg is, opgestel om deurlopende voldoening tussen inspeksies te verseker:

*(Meld hieronder die maatreëls wat opgestel is om voldoening aan elk van die items in Deel I te verseker)*

- |       |  |                          |
|-------|--|--------------------------|
| 1.    | Minimum ouderdom (Regulasie 1.1)   | <input type="checkbox"/> |
| ..... |  |                          |
| 2.    | Mediese sertifisering (Regulasie 1.2)  | <input type="checkbox"/> |
| ..... |  |                          |
| 3.    | Kwalifikasies van seevaarders (Regulasie 1.3)  | <input type="checkbox"/> |
| ..... |  |                          |
| 4.    | Seevaarders se diensooreenkomste (Regulasie 2.1)   | <input type="checkbox"/> |
| ..... |  |                          |
| 5.    | Gebruik van enige gelisensieerde of gesertifiseerde of geregleerde privaat werwings- en plasingdiens (Regulasie 1.4) | <input type="checkbox"/> |
| ..... |  |                          |
| 6.    | Ure van werk of rus (Regulasie 2.3)  | <input type="checkbox"/> |
| ..... |  |                          |
| 7.    | Bemanningsvlakke vir die skip (Regulasie 2.7)  | <input type="checkbox"/> |
| ..... |  |                          |
| 8.    | Akkommodasie (Regulasie 3.1)   | <input type="checkbox"/> |
| ..... |  |                          |
| 9.    | Ontspanningsgeriewe aan boord (Regulasie 3.1)  | <input type="checkbox"/> |
| ..... |  |                          |
| 10.   | Voedsel en spyseniering (Regulasie 3.2)  | <input type="checkbox"/> |
| ..... |  |                          |
| 11.   | Gesondheid en veiligheid en ongelukvoorkoming (Regulasie 4.3)  | <input type="checkbox"/> |
| ..... |  |                          |
| 12.   | Mediese sorg aan boord (Regulasie 4.1)   | <input type="checkbox"/> |
| ..... |  |                          |
| 13.   | Klagteprosedures aan boord (Regulasie 5.1.5)   | <input type="checkbox"/> |
| ..... |  |                          |
| 14.   | Betaling van lone (Regulasie 2.2)  | <input type="checkbox"/> |
| ..... |  |                          |

Ek sertifiseer hiermee dat bogenoemde maatreëls opgestel is om voortgaande voldoening, tussen inspeksies, te verseker aan die vereistes in Deel I gelys.

Naam van skeepseienaar:<sup>1</sup>

.....

Maatskappy se adres:

.....

Naam van gemagtigde ondertekenaar:

.....  
Titel: .....

Handtekening van gemagtigde ondertekenaar:

.....  
Datum: .....

(Stempel of seël van die skeepseienaar<sup>1</sup>)

Bogemelde maatreëls is nagegaan deur (voeg naam van bevoegde owerheid of behoorlik gemagtigde organisasie in) en daar is, na 'n inspeksie van die skip, bepaal dat dit voldoen aan die doeleindes uiteengesit onder Standaard A5.1.3, paragraaf 10(b), rakende maatreëls om aanvanklike en deurlopende voldoening aan die vereistes in Deel I van hierdie Verklaring uiteengesit, te verseker.

Naam: .....

Titel: .....

Maatskappy se adres:

.....  
.....  
.....

Handtekening: .....

Plek: .....

Datum: .....

(Seël of stempel van die owerheid, soos gepas)

---

<sup>1</sup> Skeepseienaar beteken die eienaar van 'n skip of 'n ander organisasie of persoon, soos die bestuurder, agent of blote skeepsverhuurder, wat verantwoordelikheid by die eienaar van die skip vir die bedryf van die skip oorgeneem het en wat, by die aanvaarding van die verantwoordelikheid, ingestem het om die pligte en verantwoordelikhede wat ooreenkomstig hierdie Konvensie aan skeepseienaars opgelê word, oor te neem, ongeag of enige ander organisasie of persone sekere pligte en verantwoordelikhede namens die skeepseienaar vervul. Sien Artikel II(1)(j) van die Konvensie.

## Tussentydse Maritieme Arbeidsertifikaat

Uitgereik kragtens die bepalings van Artikel V en Titel 5 van die

Maritieme Arbeidskonvensie, 2006  
(hieronder "die Konvensie" genoem)

op gesag van die Regering van:

.....  
(Volledige benaming van die Staat wie se vlag die skip geregtig is om te hys)

deur .....  
(Volledige benaming en adres van die bevoegde owerheid of erkende organisasie wat  
behoorlik kragtens die bepalings van die Konvensie gemagtig is)

### Besonderhede van die skip

Naam van skip .....

Onderskeidende nommer of letters .....

Registrasiehawe .....

Datum van registrasie .....

Bruto tonnemaat<sup>1</sup> .....

IMO-nommer .....

Tipe skip .....

Naam en adres van die skeepseienaar<sup>2</sup> .....

.....

Hierby word gesertifiseer, vir doeleindes van Standaard A5.1.3, paragraaf 7, van die Konvensie, dat:

- (a) hierdie skip geïnspekteer is, sover redelik en doenlik, vir die aangeleenthede gelys in Byvoegsel A5-I van die Konvensie, met inagneming van verifiëring van items onder (b), (c) en (d) hieronder;
- (b) die skeepseienaar aan die bevoegde owerheid of erkende organisasie bewys gelewer het dat die skip toereikende prosedures het om aan die Konvensie te voldoen;
- (c) die gesagvoerder vertrouwd is met die vereistes van die Konvensie en die verantwoordelikhede vir implementering; en
- (d) tersaaklike inligting aan die bevoegde owerheid of erkende organisasie voorgelê is om 'n Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening uit te reik.

<sup>1</sup> Vir skepe gedek deur die tussentydse skema oor tonnemaat aangeneem deur die Internasionale Maritieme Organisasie, is die bruto tonnemaat dit wat ingesluit is in die "REMARKS"-kolom van die Internasionale Tonnemaatsertifikaat (1969). Sien Artikel II(1)(c) van die Konvensie.

<sup>2</sup> Skeepseienaar beteken die eienaar van 'n skip of 'n ander organisasie of persoon, soos die bestuurder, agent of blote skeepsverhuurder, wat verantwoordelikheid by die eienaar van die skip vir die bedryf van die skip oorgeneem het en wat, by die aanvaarding van die verantwoordelikheid, ingestem het om die pligte en verantwoordelikhede wat ooreenkomstig hierdie Konvensie aan skeepseienaars opgelê word, oor te neem, ongeag of enige ander organisasie of persone sekere pligte en verantwoordelikhede namens die skeepseienaar vervul. Sien Artikel II(1)(j) van die Konvensie.

Hierdie Sertifikaat is geldig tot ..... behoudens inspeksies ooreenkomstig  
Standaard A5.1.3 en A5.1.4.

Voltooiingsdatum van die inspeksie in (a) hierbo bedoel, was .....

Uitgereik te ..... op .....

Handtekening van die behoorlik gemagtigde beampte

wat die tussentydse sertifikaat uitreik.....

(Seël of stempel van uitreikende owerheid, soos gepas)

## VERKLARENDE NOTA

*(Hierdie nota is nie deel van die Regulasies nie.)*

Die doel van hierdie Regulasies is om die Maritieme Arbeidskonvensie in plaaslike wetgewing op te neem.

Hierdie Regulasies is daarop gemik om in die besonder die bepalings van Regulasie 5.1.3 van die Konvensie te implementeer, soos volg:

Klousules van die voorgestelde regulasies

*Klousule 1:* Doel van die Regulasies

*Klousule 2:* Woordomskrywing

*Klousule 3:* Toepassing van die Regulasies

*Klousule 4:* Plig van die skeepseienaar om sertifikate te hou

*Klousule 5:* Plig van die skeepseienaar om dokumente te dra

*Klousule 6:* Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening deur die skeepseienaar en uitreiking van Maritieme Arbeidsertifikaat deur die Owerheid

*Klousule 7:* Tussentydse Maritieme Arbeidsertifikaat deur die Owerheid aan die skeepseienaar uitgereik

*Klousule 8:* Tussentydse oudit en ondersoek deur die Owerheid

*Klousule 9:* Hernuwing van Verklaring van Maritieme Arbeidsvoldoening en Uitreiking van Maritieme Arbeidsertifikaat

*Klousule 10:* Bevoegdhede van oudit, ondersoek, opskorting van diens en aanhouding deur die Owerheid of behoorlik aangestelde persoon

*Klousule 11:* Opskorting of kansellering van voldoeningdokumente en veiligheidsbestuursertifikate deur die Owerheid

*Klousule 12:* Uitreiking van sertifikaat deur die Owerheid namens ander regerings

*Klousule 13:* Misdrywe vir die oortreding van die bepalings van die Regulasies

*Klousule 14:* Titel en inwerkingtreding